Tema: Jesus se opstanding.
Teks: 1 Korintiërs 15:1-11

In Paastyd is daar altyd ‘n magdom gesprekke oor die opstanding. Die vraag bly min of meer dieselfde: Het Jesus werklik liggaamlik opgestaan uit die dood, of is dit net ‘n metafoor? En hoekom is dit so belangrik vir ons as Christene?
Dit is komplekse vrae... Ek gaan nie probeer om hierdie vrae te beantwoord nie, maar ek gaan wel tog ‘n antwoord gee. Wat met my praat is die woorde van Jesus in Luk 24:48. Na Hy deur al die moeite gegaan het om sy vriende te oortuig dat Hy nie ‘n spook is nie, dat Hy werklik opgewek is, en hul gehelp het om te beweeg van vrees en ongeloof na verwondering en vreugde, gee Hy vir hulle ‘n nuwe opdrag: “Julle is **getuies** van hierdie dinge...”

So vandag se boodskap is ‘n getuienis. Dis my poging om te beskryf hoekom ek glo - en met alles in my daaraan vashou - dat Jesus letterlik, fisies, liggaamlik opgewek is uit die dood, en hoekom dit in die kern van my/ons geloof staan.

Paulus se getuienis:

Die oudste geskrewe bronne oor die opstanding is Paulus se briewe (voor Markus, Matteus, Lukas & Johannes geskryf). Tessalonisense en Galasiërs is so 50 n C geskryf. Paulus praat hier van Jesus se eerste volgelinge wat met die oortuiging geleef het dat Hy opgestaan het. Met die skryf van 1 Korintiërs vyf jaar later, hoor ons ‘n belydenis wat waarskynlik toe reeds baie bekend was onder volgelinge van die Jesus. Dit is die Evangelie volgens Paulus! 1 Korintiërs 15:1-11 is die mees volledige, bondige uitdrukking van die Goeie Nuus.
En dit is:
I. Christus het vir ons sondes gesterf (3)
II. is begrawe (4)
III. is op die derde dag opgewek (4)
IV. en het aan sy dissipels verskyn het (5)

En wat dan volg is fassinered: bo en behalwe die groepe mense aan wie Jesus verskyn, verskyn hy ook aan ‘n skeptikus en ‘n groot vyand. Die skeptikus was sy broer, Jakobus. Reeds in Mark 3:21 hoor ons sy familie dink hy het mal geword. In Joh 7 lees ons dat sy broers het Hom uitgedaag om sy wonderwerke te gebruik om almal te

oortuig dat Hy die Messias is, alhoewel hulle self glad nie in Hom geglo nie. Dit verander alles na sy opstanding wanneer Jesus aan Jakobus verskyn. Dit het hom totaal verander. Soveel so dat hy een van die groot leiers in die kerk raak (Hand. 15).

En Jesus verskyn ook aan sy groot vyand Paulus wat hierdie brief skryf. En Paulus verander van ‘n opponent na volgeling wat skaamteloos getuig van die liggaamlike opstanding van Jesus (Hand 13).

Jesus het werklik opgestaan. Dit is onomwonde die boodskap van die Bybel. Markus, Matteus, Lukas en Johannes sê dit. Die Handelinge van die apostels sê dit. Die briewe van Paulus sê dit. Skeptici en sy vyande sê dit. En ander historiese bronne sê dit ook: Die Joodse geskiedskrywer Josephus. Die Romeinse gerekende geskiedskrywer en senator Tacitus. Die Griekse satirikus Lucian van Samosata.

So wat het gebeur op die derde dag?
Dis soveel anders as die ander groot oomblikke van Jesus se lewe (oa geboorte en kruisiging). Die Bybel sê nie baie duidelik wat gebeur het nie. Dit het in die donker begin. Die klip is eenkant gerol. In die graf was daar twee witgeklede figure of moontlik net een. Dit lyk asof Mary Magdalena voor niemand anders daar aangekom het nie. Daar was 'n man wat sy eers gedink het is die tuinier, en daarna agterkom dis die opgestane Jesus. ‘n Ander weergawe sê dat Petrus ook saam met een van die dissipels gekom het. Elders is die voorstel dat daar net die vroue was en dat die dissipels, wat êrens anders was, nie die vroueverhaal geglo het toe hulle dit gehoor het nie. Daar is die geluid van mense wat hardloop, van stemme. Matteus praat van 'vrees en groot vreugde'. Oral groot verbasing. Dit is glad nie 'n groot skouspel of so publiek soos sy geboorte of kruisiging nie, en ons toevoegings (hasies en gekleurde eiers) het so min te doen met waaroor dit gaan, dat dit nie veel byvoeg nie en gelukkig ook nie veel wegneem nie. Dit is nie 'n goed vertelde storie nie, en dit is natuurlik juis die krag van die storie. Dit skep meer as die gevoel van groot drama. Dit skep die gevoel van waarheid. Dit lyk asof hulle dit eenvoudig vertel soos dit is - gefragmenteerd, skaduagtig, onvolledig soos die lewe self. ***Dit word nie so oortuigend as moontlik vertel nie, maar so eerlik as moontlik!***

Die simbool van die opstanding is die leë graf. Jy kan dit nie mak maak nie. Jy kan dit nie versier en mooi maak met met liggies nie. Selfs die verruklikheid van Handel se Messias klink 'n bietjie soos 'n handjievol krieke wat onder die maan kwetter as jy dink aan die grootsheid van die goeie nuus: Jesus het opgestaan. As dit waar is, is daar niks meer om te sê nie. As dit nie waar is nie, is daar niks meer om te sê nie. Vir gelowiges en ongelowiges was die lewe nog nooit weer dieselfde nie.

‘n Liggaam soos myne
‘n Paar mense het vir Jesus ook vlugtig gesien en met Hom gepraat. Lukas vertel dit so rou en eerlik. Die dissipels is saam in ‘n huis. Hulle sit rond en gesels – verward onseker. En dan uit die bloute staan JESUS in hul midde. Hul reageer met vrees soos enige van ons sal as een van jou vriende skielik verskyn in jou woonkamer. Sy eerste woorde is “Vrede vir julle”. Om hul in hul onsekerheid te ontmoet, nooi Jesus hulle om nader te staan en te kyk, sy wonde te sien, en aan Hom te vat. “Raak aan my” sê JESUS – ‘n spook het nie spiere en bene soos myne nie. Ons weet nie of hulle wel aan Hom gevat het nie. Ek vermoed die brawes of twyfelendes het. En as hande en voete met wonde hul nog nie oortuig nie, bied hy sy tong, tande en ingewande aan – want Hy vra: Het julle vir my iets om te eet? Hulle gee vir hom vis. Dis ‘n

eenvoudige ding, en tog skuif dit die hele storie. Soos Jesus kou en sluk, raak dit wat voorheen onmoontlik was moontlik. Die dissipels verloor genoeg van hul vrees, staan nader en luister sodat "Jesus hul verstand kan oopmaak om te kan verstaan..." Teen die einde van hierdie ontmoeting is hulle nie meer bang mense nie, maar **getuies** – gevul met moed vir 'n nuwe pad, en roeping. *"Simply by expressing physical hunger and accepting bodily nourishment, Jesus turns trauma into communion."* Debie Thomas

Hierdie storie gryp my elke keer aan die hart agv dit Christus se goddelikheid so menslik en gewoon maak. Dit is in die teenwoordigheid van vel en been en smaak en senuwees waar die dissipels tot geloof kom. Ons (ek!) het 'n Redder nodig met 'n liggaam soos myne. 'n Liggaam wat loof en prys en feesvier, maar ook 'n liggaam wat breek, en verouder, en sterf. 'n Liggaam wat sigbare en onsigbare wonde en littekens saamdra – nuwes en oues. 'n Liggaam wat kwesbaar is vir dinge ook buite my beheer. 'n Liggaam wat vir die grootste gedeelte, weerloos is teen beserings, geweld, siekte en wreedheid.

Ek is 'n mens wat kan doodgaan – soos Jesus doodgegaan het – nie skyndood of halfdood nie. Morsdood.

Ek is 'n mens wat ook te vroeg kan doodgaan, buite seisoen, weg van geliefdes, skielik onverklaarbaar in traumatiese omstandighede waaroor ek nie eers wil nadink nie, maar soms doen. Ek het 'n GOD nodig wat liggame opwek. My en jou liggaam gaan opwek. 'n God wat dit wat afspeel hier en nou raaksien, en raakvoel. Wat gevaar raaksien en skade wat aangerig kan word teen 'n liggaam voel en steeds met absolute outoriteit en geloofwaardigheid verklaar dat ons einde nie die einde is nie.

Dit is hoop – diep, onmeetbare hoop. Hoop anderkant hoop.

Skryfstuk deur Steve Garnaas-Holmes:
Resurrection is not just for dead people.
It's for those of us most alive.
It's the way we live when we've gotten over being afraid of dying, maybe because we took to heart the raising of Jesus and maybe because our life got ripped out of our hands.
Either way God stayed with us and gave us life, alive with a life that's irrevocable, and such a gift that we've gotten over death as a thing and now we live not in the afterlife but this very life,
the afterlife of what we're no longer afraid of, totally free to love no matter what.

Resurrection is the unkillableness of love that nothing can stop, not even death and despair. Resurrection is when we love to the bitter end even when it's really bitter, and really the end, and God carries it on anyway in a grace we can't see because the love we have is actually God and God is eternal. Resurrection is what gives us the audacity
to get all up in face of evil
with joy and kindness and hope,
and laugh at all its threats, and love people as if there were no tomorrow precisely because there always is one, and it's always God.